

Die krag van die Woord van God (:9b)

Matteus 6:19-21 _____

Hebreërs 4:12 _____

Efesiërs 5:15-16 _____

Die verlossing van die uitverkorenes (:10)

Romeine 10:11-15 _____

Handelinge 13:48 _____

Efesiërs 2:8 _____

Die nagevolge van sy daade

Lees verse 11-13 en vervang die “as” in die vers met “wanneer”. Hoe klink dit nou?

Hier word agt antonieme genoem, watter les vind jy daarin? _____

Watter invloed het jou lewe op die aarde op jou ewigheidsbestemming? _____

Wat beteken dit om “saam met Hom te sterwe”? Sien ook Romeine 6:4-8; Efesiërs 2:5, 6; Kolossense 2:12, 13; 20.

Hoe verstaan jy die term “volharding”
Mat 24:13 _____

Openbaring 3:20-21 _____

Wat beteken dit om Hom te verloën? _____


Matteus 10:32-33 _____

Wat is die verskil tussen verloën in vers 12 en “ontrou” in vers 13 (Let op Christus se reaksie)

Dink na oor die volgende:

Is jy nie moedeloos en moeg omdat :

- ⌚ die wonder van die Evangelieboodskap in jou hart vervaag het nie?
- ⌚ jy nie daar is waar die krag van die Evangelie ten toon gestel word nie?
- ⌚ jy nie omgee vir die uitverkorenes wat nog die evangelie moet hoor nie?
- ⌚ jy vergeet het dat jou daade op aarde nagevolge in die hemel het?




Mens tot mens

Ondersteun mekaar en bid vir mekaar dat julle die gelowige lewe sal lei in die kragveld van God se Gees

Moenie moeg word nie




Nederduitse
Gereformeerde Gemeente
Middelburg



Mens tot mens

Deel julle hartseer en vreugdes in die groep.

Gesels oor dit wat jou regtig moedeloos maak.



Mens tot God

Vra iemand om voor te gaan in gebed.

Sing die volgende twee verse van Gesang 476 saam.


476 'n Vaste burg is onse God

1. 'n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die sterke.
Hy is 'n vesting in die nood
vir ewig staan sy werke.
Al kom die Bose aan
in sy oorwinnaars-waan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis
God self stel aan hom perke.

2. Gord ons met eie krag ons aan
dan is die stryd verlore.

Oorwinning is alreeds behaal
deur Een daartoe verkore.

Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy leërskaar,
nooit is die stryd verlore!



God tot mens

2 Timoteus 2:8—13 Moet nooit van Jesus Christus vergeet nie. Koning Dawid was sy voorvader. Hy was dood en God het Hom weer lewendig gemaak. 9Dit is die kern van die goeie boodskap wat ek vir julle vertel. Daarvoor kry ek swaar, al moet ek soos die een of ander krimineel geboei hier in die tronk sit. Gelukkig kan niemand ooit God se boodskap met kettings vasmaak en in 'n tronk gooi nie. 10Daarom gee ek nie om om swaar te kry nie. Ek doen dit ter wille van die mense wat God gekies het. So kan hulle saak met God ook reg wees omdat hulle Jesus s'n is en kan hulle voel hoe wonderlik dit is om 'n Christen te wees. Dit is iets wat niemand van ons kan wegvat nie. Dit sal vir ewig duur. 11Ek praat die waarheid: as ons saam met Jesus gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef. 12As ons nie moed

verloor nie, maar vasbyt, sal ons ook eendag saam met Hom heers. As ons egter sê dat ons Hom nie wil ken nie, sal Hy dieselfde van ons sê. 13As ons Hom egter in die steek laat en nie so getrou is soos ons moet wees nie ... sal Hy ons sowaar nooit in die steek laat nie, want dit is net nie hoe Hy is nie. (Boodskap)

Timoteus het moeg en moedeloos geraak as gevolg van die moeilike omstandighede wat hy in Efese moes verduur. Hoe help Paulus hom om uit sy moedeloosheid te kom? _____

_____ (2 Timoteus 2:1-13)

Alhoewel Paulus op daardie stadium as 'n misdadiger behandel is ter wille van die evangelie, gee hy **vier redes** waarom ons nie moeg en moedeloos mag word nie:

Die wonder van die Evangelie (:8)

Wat is die kern-elemente van die evangeliebodskap? _____

Lees 2 Korintiërs 5:14-19. Is dit nie die wonderlikste nuus wat jy nog ooit gehoor het nie? _____

Kolossense 1:18 _____

Openbaring 5:6-10 _____